PLUS CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken



# die WAPAD

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

JAARGANG XXXIII NOMMER 14 15 SEPTEMBER 1978



PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers


## Kowie Marais oor afsonderlike ontwikkeling

**Afsonderlike ontwikkeling laat geen moontlikheid vir verandering in Suid-Afrika wat deur alle nasionaliste bepleit word nie, het oudregter Kowie Marais gesê. Hy het tydens die etensuur op Dinsdag, 5 September in die Senaatsaal gepraat oor die Progressiewe Federale Party en die toekoms.**

Mnr. Marais het gesê dat aan almal die gelyke geleentheid as aan die Blankes gegee moet word. Dit kom daarop neer dat alle skeidingswette uitgewis moet word. Hy het genoem dat 71 persent van die bevolking wat bydra tot die ekonomiese ontwikkeling, Swart is, maar dat hulle nie dieselfde regte as die Blankes geniet nie.

Hy het verskeie nasionaliste aangehaal wat gesê het dat verandering in Suid-Afrika noodsaaklik is. Hy het bygevoeg dat geeneen van hulle spesifiseer wat hierdie verandering moet wees nie.

Mnr. Marais het gesê dat daar waarskynlik niks van Dr. Connie Mulder se vyfjaar-plan sal kom nie.

Oor die nuwe bedeling het hy gesê dat baie kiesers ten gunste daarvan was, maar dat ons in die afgelope parlementsitting niks hiervan verneem het nie. Hy het gesê dat hy uit die Nasionale Party is omdat die afsonderlike ontwikkeling nie 'n oplossing vir Suid-Afrika se probleme bied nie. Die behandeling van die Kleurling ná die Erika Theron Kommissie, het verder bygedra tot sy uittrede.

Mnr. Marais het gesê dat ons eers ons Swartes ekonomiese regte moet gee voordat hulle politieke regte verkry. In hierdie verband kan ons uit die V.S.A. se foute leer.



*Mnr. Kowie Marais*

## VSA speel leidende rol

**"Die Amerikaanse regering het besluit dat dit tot sy eie voordeel is as redikale Marxistiese regereings in Afrika en Suider-Afrika oorneem. Wanneer die betrokke lande ontnugter raak met die Russiese oorheersing en die Russe uitskop, kan Amerika toetree en die situasie red."**

Dit is die mening van Sy Edele, adv. R.F. Botha, die Minister van Buitelandse Sake. Hy het Erelidmaatskap van die Sentrum vir Internasionale Politiek op die elfde simposium van die Sentrum ontvang. Die simposium is deur bykans vierhonderd mense bygewoon en het oor Amerika en Amerikaans-Suid-Afrikaanse verhoudinge gehandel.

Adv. Botha het gesê Suid-Afrika is nie bereid om, as bewys vir die Amerikaanse beleid, onder te gaan nie.

Hy het bygevoeg dat kleurdiskriminasie steeds bestaan en dat daar dinge is wat nie moreel regverdigbaar is nie. Sake word egter reggestel. "Daarvoor het ons egter tyd nodig. Om veranderings oornag aan te bring, kan net tot onluste aanleiding gee."

Prof. Dirk Kunert se referaat het oor die ideologiese grondslae van die Amerikaanse buitelandse beleid gehandel. Dit het die Amerikaners se houding as natuurlike uitvloeisel van hulle erfenis en ideologie verklaar.

Mnr. Piet Liebenberg, navorser aan die Sentrum vir Internasionale Politiek, het 'n referaat oor die VSA as supermoondheid en sy rol in die wêreldpolitiek gelewer. Volgens hom het verskeie faktore in die VSA se guns getel en is hy as't ware bestem om grootmoondheid te wees. "Juis daarom moet die lande van die vrye wêreld deeglik besef dat hul enigste waarborg vir veiligheid en voortbestaan steeds toevlug tot Amerika is."

## *Professor wil in vrede gaan*

**Prof. J.D. van der Vyver (Voorheen, dekaan) van die fakulteit regte en tans professor in die regsfilosofie. Hy het onlangs die Akademieprys vir sy werk oor menseregte verwerf. Na bewering het prof. van der Vyver gesê dat die Koinonia-mense hom om hulp gevra het.**

In die *Sunday Times* skryf hy 'n artikel oor die wette in SA onder die opskrif "Our laws still disgrace Western civilisation". Hy staan skerp krities teenoor die wet op terrorisme en die minister van justisie en die veiligheidspolisie.

Hy beweer in die Rapport van 20 Augustus dat hy deur adj.-min Le Grange by die N.P. aangekla is oor sy uitlatings. In dieselfde berig het hy die teen die sogenaamde "sensuur op akademici" aan die PU vir CHO, want, so sê hy "Ek hou nie van die stelsel van 'n gespreksforum nie". Die Raad verwag egter dat akademici nie na buite sal praat voordat standpunte nie binne die universiteit self opgeklaar is nie.

Die dagbestuur van die Raad het hom oor hierdie berig uitgedruk in die Transvaler van 25 Augustus: "In dié berig word ook gesinspeel op 'n moontlike bedanking van prof. Van der Vyver. Die Raad is bewus daarvan dat prof. Van der Vyver aan die rektor, die dekaan van die fakulteit Regte en andere gesê het dat hy sy pos aan die universiteit bedank, of bedank het **en neem kennis dat hy meegedeel het dat sy brief ter bevestiging van sy bedanking in September ontvang** sal word."

Die Raad sit op 22 September en verwag 'n brief oor prof. Van der Vyver se toesprake. Hy moet vandeesweek die rektor in hierdie verband spreek, nadat hulle reeds op hul besoek aan Amerika oor die aangeleentheid gepraat het.

Prof. Van der Vyver is ook na Amerika uitgenooi om 'n jaar lank daar to doseer. Aan Die Wapad wou prof. Van der Vyver niks verder sê voordat alles nie agter die rug is nie. Intussen sê hy wel dat hy, as hy sou weggaan, in vrede van die universiteit wou weggaan.

## Staatsubsidie besnoei

**Die staatsubsidie aan universiteite is met 'n verder 5% besnoei. Dit volg na 'n besnoeiing van byna 5 persent verlede jaar.**

Dit het gebeur ten spyte van die formule wat die Van Wyk de Vries-kommissie uitgewerk het om toekennings aan universiteite, gebaseer op studentegetalle, te doen. Hierdie stelsel het in 1975 in werking getree.

Die regering het laat blyk dat dit beter sal wees as universiteitsgelde gelyk gestel word by alle universiteite en dat dit verhoog moet word. Dit kan moontlik 'n oplossing wees vir die PUK, daar die tekort hierdie jaar meer as 'n miljoen rand beloop, en die vooruitsigte vir volgende jaar nie beter is nie.

Die PU se gelde is van die laagste in die land. Vanaf 1975 het die klasgelde vir graadstudente van R250 na R360 gestyg, en vir diplomastudente van R225 tot R290. In dieselfde tydperk het die losiesgeld van R500 na R650 gestyg. Verlede jaar was die PU die enigste universiteit wat nie sy klasgelde verhoog het nie.

Dit kan seker verwag word dat die Raad op sy eerskomende vergadering op 22 September aan hierdie sake aandag sal gee.

## NUWE BLOED LEI KOSHUISE

**Mej. Magdel van der Walt wens al die nuwe HK's sterkte toe en sy vra alle PUKKE om hulle te ondersteun. Sy sê hoewel party miskien nog onervare is, almal hulle 'n regverdige kans moet gun. Sy meen dat daar 'n verslapping in die gesagsaanvaarding van mense gekom het en daarom dring sy op 'n meer Christelike oriëntering aan.**

Mnr. Gert Breed vra meer samewerking tussen SSR en HK. Hy vra ook dat die verskillende HK's die besluite wat op Kampusfokus geneem word, stiptelik moet uitvoer, sodat daar beter koördinering tussen koshuis en kampus kan wees.

Wat oriëntering betref, steun mej. Van der Walt wel die groepsidee, maar sy vra ook dat daar meer individuele aandag aan die eerstejaar gegee moet word. In plaas daarvan om eerstejaars te verskree en hul menswaardigheid aan te tas, moet daar positiewe kenmekaar gehou word tussen eerstejaars en seniors. Mej. Van der Walt erken dat oriëntering nie op die oomblik eintlik Christelik aangepak word nie en dat daar op die voorgestelde manier meer bereik sal word.

Volgens mej. Marthie van Jaarsveld wat alreeds op die HK van Wag-'n-Bietjie gedien het, is Wag-'n-Bietjie die enigste koshuis wat nog altyd die beleid het dat dit eerstens gaan om PUK te wees en nie soseer om te wen nie. Wat ook al gedoen word, moet geniet word en daar moet beter mense van die dames gemaak word. Sy meen dat die nuwe HK goeie verteenwoordigers van die koshuis is.

Op 'n vraag wat vir haar die belangrikste is vir volgende jaar, het sy gesê: "Alles is die belangrikste". Sy glo dat 'n mens alles in die lewe gebalanseerd moet doen, maar sy dink ook dat daar beslis aandag aan die dames se weerbaarheid gegee moet word.

Mej. Isabel Hoogendyk is 'n tweedejaar wat primaria geword het, en sy beplan baie vir die eerstejaars van volgende jaar. Sy sal graag wil hê dat die eerstejaars meer kennis moet dra van die verskillende rade. Van volgende jaar af sal Klawerhof ook nie net een huiskomiteelid met die portefeulje eerstejaarsaangeleenthede hê nie, maar die hele HK en veral die onderprimaria, sal daarmee gemoeid wees.

Mej. Hoogendyk sê dat mens nog altyd moet onthou dat jy 'n Puk is en dat die koshuisgees nie so belangrik moet wees nie. Van die nuwe HK sê sy: "Saam sal ons die ding doen", want sy glo as mens alles Christelik benader jy jou plig as HK goed sal kan uitvoer.

Dorpdames, of soos hulle tans heet, Dinki, se nuwe primaria, mej. Ren Botes, was darem al onderprimaria, maar sy het nogal 'n moeilike taak om van 'n koshuis wat eintlik nie 'n koshuis is nie, 'n koshuis te maak. Wat betrokkenheid betref het sy nie eintlik probleme nie, want die koshuis bestaan eintlik net uit dié wat in die koshuis wil wees.

Dinki ontvang alreeds van hierdie jaar af al die name van die eerstejaars wat in die dorp sal bly by administrasie en gaandeweg sal hulle weet wie in die koshuis is. Mej. Botes hoop dat daar 'n kantoor tot Dinki se beskikking gestel sal word, sodat hulle daardeur groter eenheid en betrokkenheid sal kan bewerk.

## LEES BINNE


RADE .......... 2
MATIEBERIG ONTSTEL .......... 3
DAMESBLAD .......... 4
HOOFARTIKEL .......... 6
UIT DIE WOORD .......... 6
UIT NO. 13 .......... 7
SPECTRUM .......... 8
WIE, WAT, WAAR .......... 9
OOR EN WEER .......... 10
SPORT .......... 11

# RADE ● RADE ● RADE

## zijhebbengezegd

**Mnr. T. Eloff se jaarverslag is op die SSR-oordragvergadering aanvaar met besondere waardering vir die leiding en inspirasie van die voorsitter in die werksaamhede van die SSR van die PU vir CHO van 1977/78. Die vergadering is op 28 Augustus gehou.**

Daarna is die voorsitterstoel deur mnr. Schwellnus aan die voorsitter vir 1978/79, mnr. T. Eloff, oorhandig en het die nuwe lede hul plekke ingeneem.

Op 6 September 1978 het die nuwe SSR hul eerste vergadering gehou. Die SR-samestelling het intussen so verander: Ná mnr. Douw Breed se bedanking is mnr. Steinman de Bruyn as visevoorsitter verkies. Mnr. Bennie Hattingh het toe in die Sportraad-vakature opgeskuif. Sy portefeulje is Studentediens.

Dagbestuursbesluite wat goedgekeur is:

- Mnre. Jan Kroeze en Thomas Kruger is aangestel as hoof- en assistent-redakteurs (onderskeidelik) van die Wapad.
- Die Karnavalkomitee kan die SR-sitkamer tot na afloop van Karnaval gebruik-
- sport-erekleure toegeken word aan die aanbebole persone.

Mnr. T. Eloff is in 'n brief vanaf Wits geluk gewens met sy verkiesing as ASB-president. Hy is ook uitgenooi om die Amerikaase Ambassade te besoek. Die SABRA-uitnodiging na hul kongres op Stellenbosch op 25-27 September is voorgehoue (Sien die kennisgewing-bord of kontak A. Jacobs)

Mnr. A. v.d. Walt het interessanthede uit SR-nortules en studentekoerante van ander universiteite voorgehou: die berig in UPEN oor denims, dans, Pukkies op die PU is foutief en A. Jacobs sal daarop reageer; daar was berigte in IRAWA oor die ASB-kongres (meer interessante menings) en die ASTER-simposium.

Kultuurraad sal 'n Lentefees in Oktober aanbied. Die Besembos sal ongeveer 28 September verskyn. Die Wysbegeertekonferensie sal aan die einde van September aangebied word. Daar sal ook op 16 September 1978 'n Raadsdialoog-kamp vir alle nuwe Raadslede, asook ou en nuwe voorsitters aangebied word.

Die Jaarbeplannings van SR-lede is voorgehou, bespreek en (met wysigings) aanvaar. (Doelwitte sal later in die Wapad gepubliseer word).

Verdere voorstelle en mosies:

- die aanbeveling vir voorsitster vir ASTER vir 1978/79, mej. Heleen Coetzee, is bekragtig;
- die SSR moet die reël waarvolgens dames nie toegelaat word om PU-baadtjies by langbroeke te dra nie, ernstig heroorweeg;
- mnre. Hattingh en Pretorius moet as kommissie van ondersoek kyk na die werksaamhede en uitbouing van geslagsvoorligtingskliniek in samewerking met ASTER, Studenteburo en die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste.
- die SSR van die PU vir CHO wens Sy edele die Eerste Minister, adv. B.J. Vorster 'n spoedige herstel en goeie gesondheid toe.

# Hulpprojek soek hulp

**Dit is 'n lang pad Noorde toe. Die warm-nat-sweet-frustrasie van die rit word so stelselmatig 'n ken-mekaar. 'n Ken-mekaar met jou werkvennote, met jou werksomstandighede en met jouself. Ja, jy word jy as die sweet al die pretensie afwas en jy tot volle ontplooiing kom – Kom bou saam met Hulpprojek: kom bou jou karakter.**

Desember 1978 word Vendaland versterk en verryk deur Christen-Afrinaers wat wil bou aan die Koninkryk van God. Die bakstene wag, die gemeente kyk uit – Kom bou 'n kerk- kom bou Hulpprojek.

'n Fees in 'n vreemde land – dit beloof te geskied. Dit is die grootste genoegdoening as die moegheid oor jou sak, saam met die nag – om te ervaar hoe die natuurskoon jou insluk. Kom help die natuur aanskou – kom help ons bou.

Die dag se werk bring eelte op jou hande. Die dag se son bring seer op jou vel. Die nag se koelte en die aand se braaivleis maak alles weer reg. Die swart koffie neem die dors weer weg. Daar is harde werk, daar is lafenis. Daarom is daar manne en dames nodig, daarom is daar plek vir baie. Het jy krag vir werk? Kom bou die kerk.

Gelukkig dat daar mense is wat strepe trek – 'n bewys van die wat minder werk en meer lagspiere wek. Jy wat glo met die hart, en bely met die mond – hier is ook geleentheid om te doen met die hand.

Hou die plakkate dop vir meer besonderhede. Hulpprojek.

# SSR VERANDER GRONDWETLIK

**Karnaval, Aster, Sakboekie en Besembos wat voorheen onder die Administratiewe Raad geval het, gaan moontlik in die toekoms òf onder Rade òf onder SSR-portefeuljes ingedeel word.**

Die SSR van 1977/78 het teen die einde van sy termyn 'n aanbeveling aanvaar wat hierdie implikasies kan hê. Dit sal beteken dat die Administratiewe Raad geheel en al sal ontbind.

Die doel van die Administratiewe Raad, nl. dienslewering op algemene studentevlak was 'n motivering vir hierdie stap, en dit stem grootliks ooreen met dié van die SSR.

Die aanbeveling van die vorige SSR het egter geen bindende mag nie en die huidige SSR kan die aanbeveling aanvaar of verwerp. Hierdie aanbeveling sal waarskynlik nie verwerp word nie. Die praktiese implementering van hierdie grondwetlike verandering sal hopelik voor die einde van die jaar afgehandel wees.

Hierdie stap sal onnodige oorvleueling van die SSR en die Rade uitskakel.

# KORPS IS UNIEK

**Bewerings word gemaak dat Korps nie meer bestaansreg het nie, niks meer te sê het nie, en geen invloed meer het nie.**

In sy jaarbeplanning het mnr. Piet Odendaal gesê dat so 'n standpunt net 'n bevestiging is van die ontstellende gebrek aan prinsipiële denke by studente. Daar word beweer dat Korps 'n kliek is, en dit word betwyfel of die SSR voorsiening daarvoor moet maak. Studente dink selfs dat Korps slegs party in die PU studentepolitiek is. Volgens mnr. Odendaal sal so 'n bewering in die lig van Korps se standpunt neerkom op 'n pleidooi vir neutralitiet op ons kampus.

Korps is die liggaam wat in die besonder verdieping en uitbouing van ons universiteit se karakter wil bevorder. Dit wil voorkom asof mense wat sulke pleidooie lewer, vrede het met die karakter van ons universiteit.

Daar kan geen twyfel bestaan oor die goeie werk wat Korps doen wanneer daar op universitêre vlak die gehalte van ons Alma Mater se prinsipiële denke met ander vergelyk word.

Die uitbreiding van Korps kan gesien word in alle fasette wat dit behels.

Uitbreiding

Korps kon in die verlede slegs met een ondervoorsitter funksioneer. Die bloei van Korps het dit egter genoodsaak dat twee ondervoorsitters vir die komende termyn aangewys moes word.

Twee hulpprojekte word in Desember aangebied in Vendaland en Botswana onderskeidelik. So word aan studente die geleentheid gebied om ander tot hulp te wees en kan onderlinge samewerking ook bevorder word.

Aktueel brei uit na ses eerstejaarskampe, twee tweedejaarskampe, een derdejaarskamp en 'n universiteitsverlaterskamp. In die komende termyn word 'n boek in verband met jeugweerbaarheid gepubliseer wat vir skole voorgeskryf gaan word.

Mnr. Fanie Venter het in 'n onderhoud gesê dat daar op geen ander kampus 'n parallel vir Korps aangetref word nie. Hy het gesê: "Laat ons trots wees op Korps en veral in die groei wat dit toon."

# Affikampus

## INTERUNIVERSITÊRE REDAKSIE

### Ikeys-SSR betig

**Die** Unniversiteitsraad van Ikeys het 'n mosie aanvaar waarin die studenteraad berispe word omdat hy geweier het om meegevoel uit te spreek met die dood van Dr. Diederichs.

Kritiek is teen die studenteraad uitgespreek deur die rektor, Sir Richard Luyt en Prof. Chris Barnard. Die studenteraad het eers na 'n petisie van die studente hul meegevoel met die Diederichs-familie uitgespreek.

Die mosie lees:- "Hierdie raad het besluit om die studenteraad te berispe oor sy benadering ten opsigte van mosies wat respek en meegevoel betoon het na die dood van die Staatspresident wat op 21 Augustus ter tafel gelê is. Hierdie mosie van berisping moet aan die studenteraad voorgehou word."

Suid-Afrika in die buiteland het."

Mnr. Chris Fismer, SR-voorstiter van Tuks, het ook gereageer en gesê dit is iets wat by die ASB tuishoort en indien dit daar geopper word kan dit op daardie vlak bespreek word.

### Studente – "Hollywood"

**Die** RAU is ideaal vir rolprente waarin kampustonele voorkom volgens . Jan Scholtz, skrywer en rolprentmaker.

Mnr. Scholtz het verder gesê dat rolprentmakers die voordele van die RAU-kampus ingesien het, en daarom word die RAU bo ander verkies. Nog 'n faktor wat daartoe bydra is dat die meeste rolprentmakers aan die Rand gevestig is.

Verskeie rolprente is reeds daar geskied en RAU is as die studente "Hollywood" gedoop.

### SR besin oor Gemengde Huwelike

OP studenteraadsvlak sal daar nie politieke uitsprake gemaak word nie, maar akademies ondersoekte politieke sienings sal aangemoedig word, volgens mnr. Hannes Badenhorst, SR-voorsitter van Kovsies.

Die wetgewing op Gemengde Huwelike en Ontug sal nie meer aandag as ander vraagstukke geniet nie. Mnr. Badenhorst het gereageer op 'n mosie van die Matie-SR om 'n diepte-ondersoek te loods na die Ontugwet en die Wet op Gemengde Huwelike.

Volgens die Matie-SR gaan 'n diepte-ondersoek na die wette gehou word omdat dit " 'n negatiewe uitwerking op die terrein van rasseverhoudinge in Suid-Afrika en die aanvaarbaarheid van

### Diens medalje ingetrek

**Ongerymdhede** tydens die afgelope Tukkie-SR verkiesing was daarvoor verantwoordelik dat daar streng teen mnr. Pep Joubert opgetree gaan word.

Mnr. Joubert was genomineer as kandidaat vir die dagstudente-kiesafdeling.

Die dag voor die verkiesing het daar in die "Hoffstad" 'n berig verskyn wat skynbaar deurspek was met onjuisthede. In die berig is beweer dat hy tydens 'n besoek aan die VSA meer begrip by die VSA jeug sou bewerkstellig.

Die SR het besluit dat sy stemreg hom tot Mei 1979 ontneem is en dat hy nie meer sy diensmedalje sal ontvang wat tydens Lentedag aan hom toegeken sou word nie.

### RAU spog met Sonja

**Die** personeel van RAU het 'n dame-Springbokatleet in Sonja Laxton, ryker geword.

Mev. Laxton het as Sonja van Zyl haar Springbokkleure in die middelafstande in 1971 verwerf. Na haar troue het die Laxtons na Durban verhuis waar Sonja lid was van die Natalse atletiekspan. Sy is ook die houer van verskeie Nasionale en provinsiale atletiekrekords.

Sonja was nie slegs as atleet uitstekend nie, maar het in 1970 haar B.Sc-graad aan Wits verwerf en in 1972 haar M.Sc. Sy was verbonde aan die Departement Biochemie van die Universiteit van Durban-Westville.

RAU se ander vroulike Springbokatleet, Ester van Zyl, en mev. Laxton het al dikwels kragte gemeet. Hulle kan met reg as Suid-Afrika se twee top vroue in middel – en langafstande beskou word.

### Klasgelde verhoog

**Dr.** G.v.N. Viljoen, rektor van RAU, het op 16 Augustus 1978 aangekondig dat klas-en koshuisgeld aanstaande jaar verhoog sal word.

Die verhoging van klasgeld sal plus minus dertig tot veertig persent wees, 'n styging van minstens R100 per kursus. Die klasgeld wat die afgelope drie jaar staties was, sal nog steeds laer wees as sommige Afrikaanse universiteite.

Op die oomblik moet die Universiteit nog 85 persent van die kapitaal en renteverpligting dra omdat die staatsubsidie van die RAU vanjaar net elf persent besnoei is. Die subsidie vir die renteverpligting ten opsigte van koshuisvesting is twee jaar gelede van vyftig tot vyftien persent verminder. Die koshuisgeld sal dus ook net tien tot vyftien persent verhoog word en slegs die hulp van die finansiële Trust voorkom 'n groter styging in koshuisgeld.

Dr. Viljoen voorsien verligting van die finansiële druksituasie binne twee jaar hoewel die vestigingshulp van die staat in 1980 verval.

### RAU, wyn en mout

**Na** aanleiding van 'n aansoek deur die RAU-SR het die Registrateur, mnr. H Kruger, bekend gemaak dat wyn en mout vir 'n proeftydperk van drie maande in die kafeteria bedien gaan word.

Hy het verder gesê, dat die huidige wyn en moutbediening gedurende etenstye in die Personeelrestourant uitgebrei gaan word na die studente – kafeteria.

Hierdie fasiliteite sal egter onderhewig wees aan die volgende voorwaardes:
dat bier en wyn slegs by 'n volle bord kos bedien sal word en dat hierdie vergunning nie in die koshuise oorweeg sal word nie.

Die verskaffing van drank sal dadelik geïmplementeer word sodra die aansoek om 'n lisensie deur die Drankbeheerraad goedgekeur word.

### Mediese Studente geskors


**Die** GSVSA (Geneeskundige Studente Vereniging van Suid-Afrika) het hulle kwartaallikse vergadering gehou aan die Universiteit van Pretoria.

Gedurende die geleentheid is die nuwe bestuur vir 1979 gekies. Wat egter kommer gewek het, is die feit dat 'n mosie gedurende die laaste vergadering van IFMSA (international Federation of Medical Students Association) ter tafel gelê is dat GSVSA uit IFMSA geskors moet word.

Weens huidige finansiële probleme, kon GSVSA nie verteenwoordigers na die IFMSA-vergadering wat van 21 – 28 Augustus 1978 gehou is, stuur nie. Mnr. Charles Chouler het egter 'n brief van vertoë aan IFMSA gerig en mnr. C. Schaufelberger gevra om GSVSA se saak namens ons te stel.

As rede vir GSVSA se skorsing word die Suid-Afrikaanse regeringsbeleid aangevoer. Dit is egter so dat slegs twee van die universiteite by GSVSA geaffilieer, nie veelrassige universiteite is nie.

GSVSA hoop om binne vier weke die besluit van die IFMSA vergadering te ontvang.




# Trompoppies

**Probleme met die Pukkies se optrede tydens Karnaval is opgelos.**

Die Kommissie wat die probleme rondom die dispatronering van die Pukkies ondersoek het, het aanbeveel dat die Studenteraad sy besluit om die Pukkies te dispatroneer heroorweeg, maar dat die Pukkies net onder sekere voorwaardes hul aktiwiteite mag voortsit.

Die Kommissie vind die voorkoms van die Pukkies "netjies en in ooreenstemming met die gees van hul grondwet en huishoudelike reglement". Die afleidings dat die Pukkies se voorkom "uiters prikkelend" is na aanleiding van "aanmerkings en fluite" wat tydens 'n intervarsity van die pawiljoene af gemaak word, word as gevaarlik bestempel.

Sommige Pukkies, wat in hul kort rokkies op die sportmanne se rûe en op kruiwaens gery het se optrede word as onwelvoeglik beskou. Nie een van die Pukkies wat gevra is om behulpsaam te wees het deelgeneem nie en party het in sweetpakke deelgeneem. Die Kommissie keur hierdie optrede nie goed nie, "maar optrede teen die Pukkies wie se gedrag as onvanpas bestempel word, behoort nie op hierdie stadium meer te behels as 'n vermaning nie".

Die Kommissie beveel dan aan "dat die verslag, en spesifiek die optrede van sommige Pukkies tydens karnaval '78, onder die groep se aandag gebring word, met die nodige vermaning.

Die bewering dat Theuns Eloff gesê het die Pukkies is stoetkoeie, is onwaar. Hy het wel tydens Kampusfokus '78 in verband met skoonheidskompetisies gesê: "Die huidige gees van skoonheidskompetisies is soos die paradering van stoetkoei". Die Kommissie vind dit vreemd dat hierdie uitlating van Theuns met die Pukkies in verband gebring is.

Verdere aanbevelings van die Kommissie is:

- dat meer bevredigende reëlings omtrent hul afrigting getref word.
- dat die grondwet en huishoudelike reglement pertinent onder die aandag van elke dame gebring word. Dames wat hulle nie sonder voorbehoud hiermee vereenselwig nie en nie bereid is om opofferings te maak nie moet versoek word om te bedank.

# Matieberig Ontstel

**Oud-studente van die PU is baie ontsteld weens ongunstige publisiteit oor die besluite van die SSR oor die trompoppies en denims, na 'n artikel in die UPEn wat uit DIE MATIE oorgeneem is.**

Die artikel wemel van onfeitlikhede en is in 'n baie subjektiewe styl geskryf. Die sinsnede "hoe dramaties dit ook al mag klink - dit alles gebeur op die PU vir CHO" is 'n tipiese voorbeeld van die negatiewe ingesteldheid waarvan die hele berig spreek.

Die algemene koerantstyl is ook nie van 'n hoë gehalte nie. Daar word byvoorbeeld gebruik gemaak van "ons".

Die stelling dat die trompoppies as stoetkoeie uitgekryt is, is onjuis. Die artikel verwys na briewe in Die Wapad wat egter heeltemal verkeerd geïnterpreteer is. Die briewe vergelyk die gees van die trompoppies met dié van modeparades en stoetkoeie. Dit is nooit genoem dat die poppies seksobjekte is nie. Die oorspronklike brief stel dat dit naïef sal wees om nie van sekssimbolisme te praat nie.

Noupassende en gebleikte denims en die dra van seilskoene is nie teen die universiteit soos die berig beweer nie, maar teen die reëls van die universiteit. Die besluit van die SSR dat gebleikte denims en denims sonder some nie gedra mag word nie, is nie ná die onlangse probleme besluit nie, maar was die voorwaarde waarop die kleredrag op die kampus verlede jaar deur die Raad toegelaat is.

Dans is nie afgekeur bloot omdat die drie Afrikaanse Susterkerke dit afkeur nie. Die SSR het self dié besluit geneem, hoogstens op versoek van die kerke. Die SSR is nie verteenwoordigend nie en hoef dus nie die mening van die studente in ag te neem nie. Deur hulle verkiesing word aan hulle die reg gegee om besluite te neem.

Die berig noem dat SAK gestig is om die goue middeweg tussen POPS 2 EN BOK aan te gee. Die doel van SAK was egter om nouer kontak tussen die studente en die SSR te bewerkstellig, 'n taak wat die Matieberig verkeerdelik aan POPS 2 toeskryf.

Die skrywer van die berig slaan die bal heel mis as hy sê dat geen skoonheidskoningin gekies is nie om so die onrus te verhoog. Daar was nog nooit 'n skoonheidskoningin op die PU gekies nie; tydens die vorige onrus was die kwessie ook nie eens direk ter sprake nie.

Tydens die monstervergadering is die standpunt van die SSR in mosies gesteun. 'n Mosie van vertroue in die SSR is met 'n oorgrote meerderheid aanvaar. Die 'liberales' het beslis nie die stryd gewen nie, maar word deur die meerderheid studente veroordeel.

# SSR Skommel

**Die Sentrale Koördineringskomitee, breinkind van mnr. Douw Breed, sal in die toekoms sorg dat die rade hulle werk na die beste van hul vermoë doen en ook die verskillende rade koördineer.**

Mnr. Breed het op 23 Augustus bedank as visevoorsitter van die SSR. Hy is van mening dat mnr. Steinman de Bruin bekwaam genoeg is om in sy pos as vise-voorsitter van die SSR en voorsitter van die SKK die rade uit te bou en glad te laat funksioneer op die grondslag wat neergelê is.

Die S.K.K. bestaan volgens mnr. Breed uit verantwoordelike persone, naamlik die raadsvoorsitters, wat die rade deeglik aan die studente sal bekendstel.

Mnr. Theuns Eloff is ook hiervan oortuig, veral omdat mnr. De Bruin soveel ondervinding in SSR werk het, en omdat hy sekretaris van die SKK was.

Mnr. Douw Breed het van die SSR bedank omdat hy hom nie gemotiveerd genoeg gevoel het vir die taak nie. Persoonlike oorwegings en sy studie was egter ook faktore wat daartoe gelei het. Sy bedanking is eers nie aanvaar nie, maar na 'n onderhoud met die dagbestuur is dit wel aanvaar.

Sowel mnr. Theuns Eloff as die adjunk-voorsitter, mnr. Jan-Louis du Plooy, is van mening dat dit beter was dat mnr. Breed so vroeg bedank het, daar dit baie ontwrigting kon veroorsaak indien hy dit later sou doen. Dit was nou moontlik dat mnr. Bennie Hatting, die nuwe S.S.R.-lid, reeds vroeg suksesvol by die SSR kon inskakel.

Mnr. Breed gaan nou aandag gee aan studente-opleiding. Hy dien as voorsitter op 'n komitee van mej. Magdel van der Walt onder die portefeulje Opleiding. Hy wil veral koshuise betrek by gesprekke oor politiek en oor sake rakende die studentelewe. Hierdie opleiding is nodig omdat daar gedurig 'n vraag is na leiers in die meer as 1150 bestuursposte in die gestruktureerde studentelewe.

Al die skommelinge in die nuwe S.S.R. kan as volg opgesom word: Nadat mnr. Breed as voorsitter uitgeval en vir die Politiese Raad ingekom het, is hy as vise-voorsitter verkies.

Die opening is gevul deur mnr. Ziegfried Eiselen.

Nadat mnr. Breed bedank het as vise-voorsitter, het mnr. De Bruin, wat uitgeval het as adjunk-voorsitter en ingekom het by Sportraad, sy plek gevul. Mnr. Bennie Hatting het op sy beurt sy plek gevul in die portefeulje Studentediens.



*Steinman de Bruyn, nuwe visevoorsitter.*



*Gert Breed nuwe Raadsvoorsitter van Koshuisraad.*



*Bennie Hattingh nuwe SSR-lid vir Sportraad met portefeulje, Studentediens.*

# SSR Portefeuljes

**Die nuutverkose SSR het die portefeuljes bekend gemaak wat deur elke lid behartig sal word, na enkele skommelings, as gevolg van die bedanking van mnr. Douw Breed.**

Mnr. Theuns Eloff neem die voorsitterstoel, met mnr. Jan Louis du Plooy as adjunk voorsitter en mnr. Steinman de Bruyn as die nuwe vise-voorsitter. Die penningmeesters- en sekretarisposte word onderskeidelik deur mnre. Zoks Schwellnus en Daan de Kock gevul. Saam met mnr. Adriaan van der Walt as addisionele lid, vorm hulle die dagbestuur vir 1978/79.

In die Administratiewe Raad is twee dames aan die stuur van sake. Leenster Pasch behartig Openbare betrekkinge, terwyl Anne-Marie Jacobs vir Die Wapad, datums, publikasies en advertensies verantwoordelik is. Magdel van der Walt, wat saam met Daan de Kock op die Koshuisraad dien, beklee die portefeulje Opleiding.

Geboue, terreine, die Studentesentrum, ontspanning en vervoer word gesamentlik deur mnr. Mario Pretorius en Piet Joubert beheer.

Mnr. Jan Botha het die portefeulje Karnaval en Intervarsities, terwyl mnr. Petri de Kock gemeenskapsdiens behartig. Studentediens is die verantwoordelikheid van mnr. Bennie Hattingh en dié van mnr. Gert Breed Opleiding.

Verantwoordelikheid vir grondwette rus op mnr. André van der Walt, ASB-projekte op mnr. Frits Eloff en kleure, kleureksamens en toere op mnr Siegfried Eiselen.

# 'N NUWE MANSKOSHUIS KOM DALK

**'n Nuwe manskoshuis wat vyfhonderd studente sal kan huisves word in die vooruitsig gestel. In 'n onderhoud met Die Wapad, het Prof. J.S. du Plessis gesê dat dit egter nog in die heel vroeë stadium van beplanning is.**

Toestemming om fondse te verkry moet nog op 22 September 1978 van die Raad verkry word, as hulle van mening is dat die Universiteit hulle deel van die finansiële verpligtinge sal kan nakom.

Onduidelikheid het onder studente ontstaan na aanleiding van 'n berig in die Potchefstroom Herald.

Bederf jou aster met 'n blom

van

HUIS EN TUIN

Die winkel vir die student.

# *Damesblad Damesblad Damesblad Damesblad*

# NOMINASIES VIR ASTERS-VERKIESING

*Fransien O'Kelley uit Kasteel*
*Adri Alberts uit Kulu*


*Mari Stegman uit Klawerhof*


*Heloist Jacobs uit Vergeet-my-nie*


*Lezelle Stander uit Wanda*


*Melinda Swanepel uit Karlien*


*Reneé Perén uit Wag-'n'Bietjie*


*Hetti Venter uit Heide*


*Amanda Ernst uit Oosterhof*

# SHEILA CUSSONS

**In 'n vorige artikel oor Olga Kirsch is daarop gewys dat sy een van 'n hele aantal Afrikaanse skrywers is wat tans in die buiteland woonagtig is, as gevolg van 'n eienaardige saamloop van omstandighede. Dit is ook in die geval van Sheila Cussons merkwaardig dat 'n skryfster wat al jare lank afgesny is van haar taalgemeenskap niks van haar taalvermoë verloor het nie. Inteendeel. Dit is juis so sonderling dat Sheila Cussons eers gebundel het nadat sy al geruime tyd in die buiteland woonagtig was, al het sy van die gedigte in haar debuutbundel geskryf toe sy nog as jong mens in Suid-Afrika gewoon het.**

Sheila Cussons is in die twintigerjare op Piketberg gebore. Haar vader was 'n bekende openbare figuur. Sy het in verskeie provinsies skoolgegaan (Kaap, Vrystaat en Transvaal).

Sheila Cussons is 'n veelsydig kunssinnige mens wat naas haar skryftalent ook 'n besondere teken- en skildertalent het. Dit sien 'n mens ook in haar gedigte wat in haar jong dae haar skryftalent selfs oorheers het. In die literatuur het ons sedert die Renaissance, vanaf Michelangelo en vroeër selfs, hierdie verskynsel dikwels teëgekom.

Sheila Cussons het in 1939 aan die Natalse Universiteit in Pietermaritzburg begin studeer in die skone kunste. Na haar studie (wat sy cum laude geslaag het, was sy 'n tyd lank lektrise in die skone kunste in Pietermaritzburg en hou sy in verskillende stede uitstallings van haar teken- en skilderwerk. Sy was ook 'n tyd lank verbonde aan die Hugo Naudé kunssentrum op Worcester.

In dieselfde jare - die tyd van die eerste Wêreldoorlog - publiseer sy van haar eerste gedigte in *Standpunte* en *Die Huisgenoot*. Van hierdie vroeë poësie is in Engels vertaal en gepubliseer in *The Penguin book of South African verse*. In 1945 is van haar tydskrifverse opgeneem in die nou reeds bekende bloemlesing van Opperman, Stiebeuel.

Aan die Natalse Universiteit het Sheila Cussons kennis gemaak met die destydse jong lektor en professor in Afrikaans-Nederlands, C.J.M. (Stoffel) Nienaber.

Saam met Nienaber gaan Sheila Cussons in 1947 na Engeland en Europa vir verdere studie in die skone kunste. Sy werk in hierdie tyd vir die B.B.C. en die Wêreldomroep-radiodiens vir Hilversum, Nederland en skryf o.a. in *Die Burger* gereeld in haar rubriek, *Londense Brief*. In Nederland het sy ook klas geloop by Van Wyk Louw, toe hoogleraar aan die Stedelike Universiteit, Amsterdam.

In 1950 het Sheila Cussons en Nienaber se weë in Nederland geskei. Gedurendie die jare 1955-1957 is sy terug in Suid-Afrika, maar sy gaan dan weer terug na Europa en vestig haar permanent in Spanje. Tot hierdie tyd toe het sy nog net in tydskrifte gepubliseer. In 1957 trou sy vir die tweede keer, met 'n Spaanse sakeman De Saladrigas, self iemand met goeie tekentalent. Tot vandag toe woon sy in Barcelona waar sy in die ou katedraal herdoop is. Vandag is sy 'n oortuigende Rooms-Katoliek.

In 1970 eers verskyn Sheila Cussons se debuutbundel, *Plektrum*, wat allerweë ontvang is as 'n ryp en verrassende debuut. In 1971 het hierdie bundel drie belangrike bekronings ontvang: die Ingrid Jonker-prys vir die periode 1969-1970, die Eugéne Maraisprys van die Akademie en die Nasionale Pers se Hofmeyerprys.

In 1977 het 'n tweede bundel van Sheila Cussons verskyn onder die titel *Swart Kombuis*. Die titel verwys na 'n ongeluk wat die skryfster in 1974 in die kombuis van haar vakansiehuis op die Costa Brava op Estantit oorgekom het, toe 'n gasstoof in haar kombuis ontplof het. Hierdie ongeluk het haar liggaam, veral haar gesig, erg geskend. Liggaamsdele is geamputeer en dit het die gelaat van die eenmaal baie mooi jong meisie byna onherkenbaar verander. Máár, soos mens uit haar tweede digbundel kan aflei, het hierdie ongeluk haar gees geweldig verdiep en verryk. Dit was 'n ongeluk wat, soos sy in haar gedig, *Geamputeerde* sê, haar "onherroepelik verander het". Dit bly vir ons 'n onherkenbare weg wat sy gevolg het om in Spanje te gaan woon, waar sy hierdie traumatiese ervaring opgedoen het waarvan ons letterkunde die ironiese voordeel het.

'n Nuwe digbundel van Sheila Cussons, *Verf en Vlam*, is glo reeds by die uitgewers. Sy het ook reeds in Engels gedigte gepubliseer, maar haar poësie is uit en uit Afrikaans.

Lina Spies, oor wie daar ook reeds in 'n vorige artikel geskryf is, het onlangs by Sheila Cussons in Spanje besoek afgelê en dit 'n grootste belewenis genoem. Maar hierdie belewenis kom ook na ons toe, binne ons bereik, in haar bundels.

# ASTER MAAK KEUSE

**Op Maandag 18 September vind die jaarlikse "Aster"-verkiesing plaas.**

Die storie werk só: 'Aster' se voorsitster word op aanbeveling van die vorige termyn bestuur deur die SR goedgekeur. Die res van die bestuur dit wil sê vier lede, word deur die massa verkies. Elke dameskoshuis wys een dame uit 'n koshuis aan en die vier lede moet dus uit dié dames verkies word.

Maandag die agtiende vind die stemmery **in jou eie koshuis plaas** soos deur jou HK gereël. Oordink jou keuses die naweek en gaan trek jou kruisie Maandag.


U
is die 'U'
in Uniewinkels.

*U kom eerste by Uniewinkels. Daarom bied ons u soveel meer . . . die nuutste modes van die keurigste kwaliteit, teen pryse wat u sal pas. En flinke, vriendelike diens wat u tuis laat voel. Elke Uniewinkels-tak bied u -*

- Die "U" kredietkaart vir inkopies by enige tak.
- 6 maande om te betaal.
- Gerieflike "op sig"-fasiliteite.
- Volkome tevredenheid gewaarborg of u geld terug.
- Voorkeuruitnodigings na uitverkopings en modevertonings.
- Telefoon-en posbestellings

Uniewinkels
U kom eerste

Lindsay Smithers RD 10/A


# PUKDAMES VOORUIT NA DINAMIEK

**'n Geesdriftige en besielde mev. Hettie du Preez - dinamiese onder-burgemeesteres van Potchefstroom vir 1978 - vertel met entoesiasme aan Damesblad van 'n nuwe organisasie wat onlangs in Potchefstroom gestig is:**

Aan die begin van September is daar in die Stadsaal 'n inligtingsvergadering gehou oor die Jong Dames Dinamiekbeweging wat funksioneer in Johannesburg. Hierdie beweging is geïnisieer deur mev. Mariette Marx met die globale doel om die jong dames van ons land geestelik te bewapen vir die stryd waarin ons vandag gewikkel is.

Geleidelik het hierdie organisasie, wat onder die beskerming van die FAK bestaan, uitgebrei na die plattelaand en 'n Jong Dames Dinamiek-tak is in Rustenburg gestig. Hier is die struktuur van die beweging verder ontwikkel, deur die instelling van 'n beweging vir ouer dames, naamlik Dames Aktueel.

Tydens die inligtingsvergadering hier in Potchefstroom is daar besluit om dadelik oor te gaan tot 'n stigtingsvergadering en die internebestuur van die Potchefstroomse Tak is as volg:

Mev. Ina Hattingh en mev. Hilde Mybrugh. Daar is egter 'n aparte Studentebestuur ingestel, nl.:

Hester Enslin - 'n dosente aan POK
Annette Carstens - ook 'n dosent by POK
Paula Grimbeeck - 'n student van Pote
Ria van den Bergh - in haar student/dosent hoedanigheid.

Die lae persentasie Pukke wat hierdie vergadering bygewoon het, is teleurstellend. (Miskien kan dit toegeskryf word aan onkunde ten opsigte van hierdie saak, maar verdere inligting sal voortaan in Die Wapad verskyn.

Jong Dames Dinamiek is in die lewe geroep om 'n begin te maak om voor eie deur te vee. Die geestelike weerbaarheid van dames, wat binne hoërskoolouderdom en 33 jaar val, is die primêre oogmerk van dié organisasie BYSTAND AAN GRENSWEDUWEES, en MORELE STEUN AAN SOWEL DAMES VAN WIE DIE MANS OP DIE GRENS IS, AS DIE MANS WAT TERUGKEER VAN DIE GRENS AF, is onder andere die doelstellings.

Jong Dames Dinamiek is egter nie - en dit is 'n belangrike begripspunt - 'n teenorganisasie teen bestaande vroueverenigings en -organisasies nie. Hoewel die geestelike onbetrokkenheid van die dame van '70 'n probleem is van die samelewing, word daar in Jong Dames Dinamiek ook gefokus op die fisieke weerbaarheid van die vrou, onder andere bloedskenking, kindersorg in krisissituasies, die skietkuns ens. Dit sluit dus nóú saam met Burgerlike Beskerming in dié opsig.

Alle dames wat in die ouderdomsperk resorteer, mag aan hierdie beweging behoort. Sowel Afrikaanse as immigrante dames kan aktiewe lede word van Jong Dames Dinamiek. Vergaderings word ongeveer een keer per maand gehou en inligting ten opsigte van tyd en plek van die vergaderings, sal in Damesblad verskyn.

Indien enige PUK-dame besonder belangstel, kan sy persoonlik met mev. du Preez by die Stadsraad skakel of met mej. Hester Enslin by telefoon: 5865

Aktiewe meelewing van die PUK se kant behoort hierdie Dames-beweging 'n skitterende sukses te maak.


*Koos Pretorius*
*Voorsitter*


*Peter Wilgenbus*
*Onder-voorsitter*


*Annelie Fourie*
*Akademie*


*Pamela Wilgenbus*
*Sekretaresse*


*Freddie Dednam*
*Geboue en Terreine*


*P.J. Wolmarans*
*Sport*


*L.R. Botha*
*Kultuur*


*C.P. v.d. Merwe*
*Administrasie*


*Algerda Malherbe*

# VANDERBIJL SE SSR 1979

**Die Vaalrivierse tak van die PU vir CHO het sy Studenteraad vir 1979 onlangs bekendgemaak.**

Koos Pretorius is onbestrede verkies as voorsitter, met Peter Wilgenbus as ondervoorsitter. Pamela Wilgenbus is die sekeretaresse vir 1979 en Algerda Malherbe penningmeesteres.

Die lid belas met kultuursake is L.R. Botha en Annelie Fourie se portefeulje is Akademie. Freddie Dednam is die lid vir Geboue en Terreine en mej. C.P. van der Merwe vir Administrasie. Mnr. P.J. Wolmarans is die verteenwoordiger van sportaangeleenthede.

Die stempersentasie van 75 persent vergelyk goed met dié van die Potchefstromers.

# Akademiese prestasie kry erkenning

**Die meeste Pukstudente is totaal onbewus van die feit dat erekleure op grond van akademiese prestasie verwerf kan word. Dit kan aan finale jaar en nie-finale jaar studente toegeken word.**

Daar kan dus twee soorte erekleure verwerf word: volle erekleure op grond van buitengewone akademiese prestasie en junior meriete erekleure vir belowende prestasie. In eersgenoemde geval moet die student in sy finale graadjaar onderskeidings in albei sy hoofvakke behaal of 'n tweede graad met lof verwerf. Vir die junior meriete kleure moet die nie-finale jaar student onderskeidings in al die vakke waarvoor hy ingeskryf het, behaal.

In beide gevalle geld die vereiste dat slegs voltydse of na-uurse studente aan die PU vir CHO of die Vaalrivierse tak, vir dié toekennings kwalifiseer.

Nadat die Akademiese Raad die toekennings goedgekeur het, word dit in **Die Wapad** gepubliseer. Diegene wat die volle kleure verwerf het, is geregtig op 'n kleure-balkie met die woorde, "Akademiese prestasie van die Sentrale Studenteraad", daarop.



# PROBLEME WORD OPGELOS

**Enige studente wat sleep-, verhoudings-, studie-, aanpassingsprobleme of slefs probleme soos lesbianisme en homoseksualisme ondervind, kan hulp kry by die studentespreekkamer.**

Hierdie diens is heeltemal gratis en persone word onmiddellik gehelp. Indien daar eers na die Instituut vir Sielkundige dienste gegaan word, is die moontlikheid om op 'n waglys geplaas te word groot, aangesien hulle oorlaai is met werk.

Die diens word deur spesialiste behartig wat ook onmiddellike verwysings na meer gespesialiseerde hulp maak. Geen vreees vir identifisering is nodig nie. Alle inligting word as vertroulik behandel. Die diens wat tot dusver swak ondersteun is, kan later tot 'n 24-uur krisiskliniek uitgebrei word.

Die spreekkamer is Maandag- en Donderdagaande tussen 6.30 en 7.30 nm. oop in die nuwe Psigologie gebou.

# PUKSTUDENTE GAAN OORSEE

**Twee Pukstudente is feitlik seker dat hulle gekeur is om met AIESEC se uitruilskema oorsee te gaan. Hulle is Johan van Zyl van Liberalia en Antoinette de Villiers van Dorp. Heidi Smith van Klawerhof, Mario Pretorius van Dorp en Jaco Badenhorst van Dorp sal moontlik ook oorsee gaan.**

Altesaam nege Pukstudente het aansoeke by AIESEC ingedien. Keuring deur die Nasionale Kongres het op 11 September plaasgevind.

Buiten die studente is daar ook drie dosente wat aansoeke om na Amerika te gaan, ingelewer het. Hulle is G. Oosthuizen, S. Cilliers en F. van Graan.

Op die oomblik is hier twee oorsese studente met die skema in Suid-Afrika. Kister Malmqivist van Swede sal van 1 Augustus tot 1 Desember hier werksaam wees. Kenneth Axelson het op 13 Augustus in Suid-Afrika aangekom. Hy vertrek weer op 13 Oktober.

Vereistes waaraan voldoen moet word ten einde in aanmerking vir die uitruilskema te kom, is:

- ten minste 'n B-graad in 'n ekonomiese regting
- 'n sterk persoonlikheid
- sterk motivering om te gaan en om as ambassadeur van Suid-Afrika op te tree.

AIESEC is 'n onafhanklike nie-politiese, nie-winsmakende internasionale vereniging van handelstudente en ekonomie studente. Die doel van die vereniging is om internasionale samewerking te bevorder deur 'n wêreldwye uitruilskema vir handelstudente van lidlande.

# IP-studente besoek Pretoria

**Op 3 Augustus 1978 het studente van die PU vir CHO met Internasionale Politiek as vak, 'n besoek aan Pretoria gebring.**

Die kantore van die Departement van Buitelandse Sake en die Buro vir Nasionale en Internasionale Kommunikasie is besoek.

By die Departement van Buitelandse Sake is die organisasie en werking van die Departement verduidelik. 'n Vuurwarm bespreking oor politiek en landsbeleid het gevolg.

Amptenare van die Buro vir Nasionale en Internasionale Kommunikasie het die binnelandse en buitelandse werking van die Buro uiteengesit. Die film, "The Last Grave at Dimbaza", is vertoon. Eers daarna het almal besef hoe omvattend en doelgerig die propaganda-aanslag teen Suid-Afrika is.

# *Opvoedkunde en Sielkunde versmelt*

**Die pas voltooide Opvoedkunde- en Sielkundegebou is 'n produk wat aan die gesamentlike poging van dié twee fakulteite te danke is. Die huidige opset huisves die Opvoedkunde fakulteit, die Sielkunde departement en die Instituut vir Opvoedkundige en Sielkundige dienste en navorsing.**

Opvoedkunde was voorheen in die Hoofgebou onder hoogs ontoereikende omstandighede gehuisves. Dit was ook verwyder van die Instituut wat in die ou Sielkundegebou gefunksioneer het. Die huidige toestand vergemaklik skakeling en samewerking in 'n groot mate.

Die gebou beskik oor nagenoeg 18 lesingsale, maar die beplanning bemoontlik uitbreiding indien dit later nodig sou word. Die hoofsaal het 300 sitplekke en is met projektorkamer toegerus. Al die lesingsale is van kontakpunte vir bandopnemers en verstelbare ligte voorsien.

Die gebou is só ingerig dat dit later bedraad kan word vir geslote baan televisie en bied fasiliteite vir navorsing. Hieronder val die waarnemingsvertrekke met eenrigtingglasvensters en die apparaat waarvan die Sielkunde en Psigofonologie gebruik maak.

Die gebou word eers volgende jaar amptelik in gebruik geneem. Volgens prof. B.C. Schutte van die Fakulteit Opvoedkunde, voldoen dit aan 'n behoefte wat reeds geruime tyd bestaan.

# *ASB Bespreek Staatsveiligheid*

**Mnr. Ignus Rautenbach van RAU beskou die noodsaaklikheid van veiligheidsmaatreëls as die effektiefste maatstaf vir sodanige maatreëls.**

Hy het op die ASB-kongres in Bloemfontein gesê dat veiligheidsmaatreëls volgens drie maatstawwe geëvalueer kan word:

- volgens die **RULE OF LAW**
- deur die vergelyking met maatreëls in ander state
- deur die noodsaaklikheid van die besondere maatreëls onder gegewe omstandighede te bepaal.

Laasgenoemde maatstaf word deur mnr. Rautenbach as die effektiefste beskou omdat daar geen uitvoerige regsreëls bestaan oor wat 'n persoon te doen staan indien hy hom in 'n verdedigingsposisie bevind nie. In só 'n geval word metodes wat wel ter selfverdediging gebruik word, volgens die noodsaaklikheid en die omstandighede beoordeel.

Die veiligheid van 'n staat kom in gedrang wanneer die voortbestaan van die staat bedreig word. Enige aanslae teen die sosiale, ekonomiese of politieke stabiliteit ontwrig die sisteem.

Veral twee fasette kan in Suid-Afrika se veiligheidsituasie geïdentifiseer word:

- Suid-Afrika ondervind die veiligheidsprobleme eie aan 'n staat met so 'n uiters heterogene bevolkingsamestelling. Die regerende Blanke party is besig met 'n oorskakelingsprogram ten einde die regering van die land op gelyke grondslag tussen die verskillende volksgroepe te verdeel. Solank hierdie situasie voortduur, bestaan daar die moontlikheid van konflik tussen die groepe.
- Weens die wrywingsituasie in Suid-Afrika is Suid-Afrika die teiken van kommunisme. Die effektiewe oplossing van interne probleme sal die moontlikheid van 'n kommunistiese uitbuiting van die situasie tot die minimum beperk.

Die vraag ontstaan nou of die veiligheidsmaatreëls wat in Suid-Afrika van krag is, noodsaaklik en redelik is in die lig van heersende omstandighede. Daar bestaan geen twyfel dat Suid-Afrika hom in 'n krisissituasie bevind nie. Daarom is die maatreëls in die algemeen beskou, volgens mnr. Rautenbach, wel noodsaaklik en redelik.


Hy wys egter ook daarop dat veiligheidsmaatreëls 'n gevaarlike instrument is wat maklik misbruik kan word. Daarom mag dit slegs aangewend word om orde waarby almal in die staat sal baat, te skep.

# *Kontakpolitiek bespreek Swartman*

KONTAKPOLITIEK se volgende byeenkoms word gehou op 21 September om 19h30 in die Senaatsaal. Dr. Percy QoboZa, die redakteur van die Swart blad "Post" (voorheen van die "World") sal praat oor die toekoms van die Swartman buite die tuislande en in die stede.

Al die Pukke word vriendelik uitgenooi om die interessante bespreking by te woon.

GEDRUK DEUR PROMEDIA




# Dramadepartement bied aan:

**Na 'n baie vol program vir 1978, is die PU vir CHO se dramadepartement besig om af te rond aan die laaste twee aanbiedings.**

Op die 18e September begin 'n Skemervonkel onder leiding van Aldo Behrens. Die stuk begin elke aand om 18h30 en dit duur tot die 22ste September. Plekbespreking het reeds geopen.

Die laaste groot departementele stuk is Die Selfmoordenaar van Nikolai Erdmann. Die stuk, waarvan die regie deur Peet van Rensburg gedoen word, begin die 29ste September en dit is op die planke tot die 7e Oktober. Dit begin om 19h30 en oor naweke is daar twee vertonings om 18h00 en 21h00.

# *Gedigte*

**Die gedigte wat die derde, vierde en vyfde plekke in die Wapad se poësiekompetisie gewen het.**

*ONGEHUDE MOEDERSKAP*

*in die woestyn bloei tewe leeg*
*terwyl brommers in die slymgrond speel*

*slinkse reune paradeer woude vol*
*haar gesnuffel na koelte geïgnoreer*

*want sy wil mos verby bome draf*
*en reune salueer*

*DALEEN KRUGER*
*DERDE PRYS*

*Wees soos die establishment*
*vergeet van jou emosies en*
*gevoel*
*wees 'n produk van die geslaagde . . .?*
*samelewing*
*prim-en-proper-bene-teen-mekaar-en*
*regop-rug op 'n PUKPIK stoel*
*lag vir die grappe van leëkop studente*
*hou op wonder wat die sin van heel die*
*geheel is . . . hou 'n pretence voor*
*maak of jy alles geniet . . .*
*sê nee vir akademie*
*ja vir social*
*assosieer jouself met 'n studentegemeenskap*

*eendag gaan ons sien wie wen*

*renée purén*
*vierde prys*

*dit was foutief*
*om te kon dink my reis sou strek*
*van punt a tot punt z*
*om padkaarte sorgvuldig te verpak*
*en stof uit my oë te was:*
*by jou was my reis nóg finaal nóg ongedaan*

*my reisplan is 'n klein spiraal*

*JOHAN MYBURG*
*VYFDE PRYS*

*UMFAAN:*
*(Hierdie gedig is geskryf in die dae toe 'n pluraal nog 'n kaffer was.)*

*klein bruin klonkie –*
*met jou oë soos korente*
*en jou peperkorrelkop:*
*klein bruin klonkie –*
*met jou snotneus*
*en jou vuil, skurwe knieë:*
*bruin klein klonkie –*
*wat sing-sing*
*speel in die stof:*
*bruin klein klonkie –*
*wat rietfluite maak*
*en kleiosse brei:*

*klein bruin klonkie:*
*sal daar nog steeds*
*drome in jou oë wees*
*as jy eendag 'n groot kaffer is?*

*MAGRIET UECKERMAN*
*VYFDE PRYS*

# *Studente ding mee*

**Op Vrydag, die 15e September, het twintig musiekstudente deelgeneem aan die jaarlikse Collegium Musicum wat deur die konservatorium aangebied word.**

Die deelnemers het elkeen 'n program van tien tot vyftien minute aangebied en daar is meegeding in klavier, orrel, sang, orkesinstrumente en ensemblewerk.

Vroeg in Oktober word 'n konsert aangebied waarin al die pryswenners sal optree.



*Piet Koornhof, belowende jong violis van Potchefstroom wat groot roem in die buiteland verwerf*



*'n Toneel uit Alabama se Revue 78*

# Alabama Revue 1978

**Hierdie opname van die Alabama Revue 1978 is baie suksesvol. Meeste van die nommers is deur Louis van Rensburg self verwerk, terwyl daar drie verwerkings deur Johan van Rensburg is.**

'n Paar snitte verdien spesifieke verwysing: Die snit wat die meeste byval gevind het was **THARA'S THEME** – 'n aanvallige verwerking waartydens die sintetiseerder en glockenspiel met goeie effek gebruik word. BIRDWALK, wat maklik vervelig kan wees, is met slim, afwisselende dele aanvaarbaar gemaak. A FIFTH OF TSCHAIKOWSKY is, met veral die ronde klanke in dele, 'n briljante aanbieding. Die tegniek hier gebruik, is om die klank teen die einde te laat wegsterf. Dit was welkome afwisseling teenoor die res van die plaat waar die liedjies meestal formeel eindig.

Na mý mening is die werke wat meer orkestraal van aard is, die suksesvolste – daar is soms 'n moderne, aangename en maklik luisterbare klank. EK EN DIE MAAN bevat mooi fluitdele en het ook 'n aangename ritmiese swaai. In FREEDOM, wat die beste snit op kant een is, is die diksie van die sangers, teenoor die meeste ander werke, uitstekend. Wat my dikwels opgeval het, was die tenoor- en basstemme wat vir oomblikke uitgestaan het teenoor die res. In MARIË en LENTE LEEF was dit hinderlik, aangesien dit die aandag te veel getrek het.

Die 1978 uitgawe het 'n baie aantreklike buiteblad wat deur Herman Strauss ontwerp is. Dit vorm deel van 'n hoogs aanbevole uitgawe en van 'n veel hoër standaard as die voriges is.

Minette Joubert

Hierdie plaat is beskikbaar by SSR-kantoor teen R6-00 per eksemplaar (belastingvry).

# JONG ORRELIS SPEEL SONDAG

**Die bekende jong orrelis, Willem Viljoen, tree Sondag die 17e September in die orrelsaal van die Konservatorium op.**

Hy het vir twee jaar in Parys les geneem by Marie-Clair Alain en het reeds die SAUK-prys, Unisabeurs en Samrobeurs verower. Op die oomblik doseer hy klawesimbel en orrel in Pretoria.

Die uitvoering begin om 15h30 en bevat onder andere werke van J.S. Bach, Mendelssohn en Brahms. Belangstellendes word versoek om plekke te bespreek voor of op Vrydag, 15 September aangesien die saal slegs aan 108 mense sitplekke bied.



*Sy Edele Kowie Marais, LV, open die hulde-oorsigstentoonstelling van Gregoire Boonzaaier se werke in die Frans du Toit-kunsgalery.*

*(foto: Frik Schoeman)*

# *Kunstenaar skenk beurs*

**Die bekende Kaapse kunsskilder, Gregoire Boonzaier, het 'n beurs aan die Potchefstroomse Universiteit beskikbaar gestel vir studie in die skilderkuns.**

Die aankondiging is gemaak op Dinsdag, 5 September tydens die opening van die kunstenaar se uitstallings op Potchefstroom, wat as deel van die Gregoire-hulding van die PU vir CHO aangebied word.

Die oorsigtelike tentoonstelling en 'n verkoopuitstalling van Gregoire se werke, wat uit 100 skilderye bestaan, is in twee lokale tentoongestel en is die grootste ooit van dié kunstenaar.

Dit is die 100e tentoonstelling van Gregoire, wat reeds vyftig jaar gelede sy eerste uitstalling in Kaapstad gehou het.

Die Universiteit huldig die kunstenaar vir sy groot bydrae tot die kunslewe in Suid-Afrika en veral vir die kunsbewusmaking van die platteland. Gregoire was onder meer die stigter van die Nuwe Groep in 1938 en in 1944 van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging.

In sy huldigingsrede het oudregter Kowie Marais, uittredende President van die SA Kunsvereniging, Gregoire die Pierneef van die Suide genoem.

Die Universiteit het twee spesiale Gregoire-wyne vir die openingsaand laat bottel.

Dit is Gregoire Boonzaier se derde uitstalling aan die PU vir CHO en 'n verkoopsrekord vir Potchefstroom: sestig weke is reeds op die eerste dag van die tentoonstelling verkoop!

# *Kunsuitstalling*



*Die JV, Afdeling Cachet, bied van 26 tot 29 September 'n kunsuitstalling in die Totiussaal aan. Hier staan 'n deel van die bestuur by 'n werk van Christiaan Nice wat ook uitgestal sal word.*

*(Foto: Jaco Pretorius)*

# *TOTIUS*

**'n Kunsuitstalling van bekende kunstenaars, word aan die einde van September in die Totiussaal gehou.**

Skilderye van R25 tot R1000 sal te koop aangebied word. Veral studente sal hieruit voordeel kan trek, daar die skilderye teen 'n spesiale prys aangebied word en oor 'n tydperk betaalbaar is. Indien koshuise of ander instansies verbonde aan die PU, belangstel, kan daar oor pryse onderhandel word indien 'n redelike aantal aangekoop word.

Kunstenaars soos Jeanette Dykman, Gabriël de Jongh, Otto Klar, Gian Piero Garizo, Carlo Sdoya, Andre de Beer, Wessel Marais, Roy Taylor, Tugwell, Celia Walsh Diehl en andere se werke word uitgestal.

Prof. Faan du Plessis sal die gasspreker wees by die openingsaand op Dinsdag 26 September 1978. Die uitstalling is op die volgende tye te sien:

Dinsdag 26 September: 19h30 tot 23h00
Woensdag 27 September: 10h00 tot 20h00
Donderdag 28 September: 10h00 tot 20h00
Vrydag 29 September: 10h00 tot 14h00

Plakkate sal op die kampus verskyn. Verdere inligting kan verkry word van Izak Minnaar in Caput.






## Oppikant

**Kort** na die aanbreek van die tweede semester het die akademie tydelike onderbrekings gehad in die vorm van Intervarsity, SR-verkiesing en toe weer HK-verkiesings. Daar heers meningsverskil oor die sukses van die Intervarsity al dan nie maar daar kan met redelike sekerheid aanvaar word dat die rugby iets gelaat het om oor na te dink.

Wanneer daar na die uitslae van die ander koshuiskragmetings gekyk word, vertoon die 17 - 28 waarmee Drakenstein se eerstes teen De Wet I verloor het, eintlik nie so sleg nie. Om die waarheid te sê, Drakenstein I het op een na daarin geslaag om die hoogste telling teen hulle teenstanders op te bou. Die slaankrag was daar, dis net die verdediging wat gevou het.

Drakenstein II het met 3 - 28 teen Kiepersol II 'n redelike pak op die lyf geloop en van die derde span sal liefs nie melding gemaak word nie. As daar teruggekyk word na die koshuisliga staan enkele hoogtepunte uit. Veral Drakenstein wat veel geroemde grotes in die stof laat byt het.

Na 'n lang gespartel, verskeie telefoonoproepe en 'n paar motorritte, spog Oppikant deesdae met 'n baie spoggerige T-hemp. Voor op die T-hemp word die koshuisembleem, 'n moeë akademikus wat langs die viswaters verkeer (simbolies van die Mooirivier), uitgebeeld in 'n stuk of tien kleure. Die lang wag was dalk die moeite werd, want dis maklik die kleurvolste T-hempie op die kampus.

Met die SR-verkiesing ook reeds ou nuus wens ons vir Piet Joubert baie geluk met sy verkiesing as SSR-lid uit die Kultuurraad. Na wat ons verneem is Piet ook as SSR-lid aan Oppikant toegewys. Baie welkom!

Nog 'n gelukwensing word aan Louw van Biljon gerig wat as ondervoorsitter van die Akademiese Raad verkies is. Op hierdie trant is hy beslis besig om homself as akademiese instelling aan die Puk te vestig.

Verlede week Woensdag kon Oppikant eindelik HK-verkiesing hou nadat daar aanvanklik trae reaksie was om nominasies in te handig. Daar het tien kandidate vir die vyf poste gestaan waarvan drie oud-HK-lede was.

Die nuwe HK vir Oppikant sien as volg daaruit:

- Ian Ferreira (Spikkels) – primarius
- Paul Prinsloo – onder-primarius
- Etienne Mouton – sosiale verteenwoordiger
- Raymond Fuchs – penningmeester en Sport
- Louw van Biljon – sekretaris

Die uitslag is met die rekenaar bepaal en was 'n halfuur nadat die stembus gesluit het, bekend. Stempersentasie is ietsie oor die 50% wat nie baie bemoedigend is nie, maar darem beter is as die vorige jaar.

Daar is sover moontlik gepoog om alle stemgeregtigde inwoners persoonlik per brief aan die verkiesing te herinner maar het blykbaar nie die nodige trefkrag gehad nie. Onderlinge kontak in 'n koshuis wat tientalle vierkante kilometers beslaan is uit die aard van die saak nie 'n maklike taak nie. Voorstelle om die situasie te verbeter, kan by bussie 27 by die SSR-kantoor ingegooi word.

Die nuwe HK het al dadelik aan die werk gespring om 'n jaarprogram vroegtydig uit te werk. Die belangrikste geleentheid waaraan tans aandag gegee word, is die koshuisdinee wat op 23 September aangebied word. Die geleentheid behoort 'n fees te wees – getrou aan Oppikant se tradisie. Kaartjies is by alle nuwe HK-lede beskikbaar.

Oppikant se tweede bestaansjaar hou die belofte in van baie beter organisasie en samewerking as die eerste jaar. Die koshuis het homself nou al deeglik gevestig. Die verdeling van die Dorpstudente waarteen daar 'n jaar gelde soveel teenstand was, het getoon dat dit 'n definitiewe verbetering is op die vorige stelsel.



*Oppikant se nuwe H.K.: Spikkels, Paul, Louw en Etienne met Raymond afwesig.*




## Uitspan

**Na** 'n tydperk van rus het Uitspan 'n besige paar weke en 'n paar puik aksies agter die rug.

Klawerhof het ons op die netbalbaan aangedurf, maar, o wee, wat 'n slagting! Hul eerstespan het die aanslae moedig probeer afweer, maar die tweedes is totaal oorrompel. Of dié loesing nie genoeg was nie, word daar toe 'n Bybelvasvra gehou. Weer eens het hul die onderspit gedelf.

Hombré het 'n gekombineerde sokkerspan van Uitspan en Heimat net-net geklop. Die jaarlikse rugbywedstryd teen Heimet is, heeltemal teen die verloop van die spel in, deur Heimat gewen; nadat hul ver tweede gekom het met die "boat-race".

Die naweek 26/27 Augustus het die Uitspanners,. tussen die voorbereiding vir die reünie deur, 'n groot fees gehou by die Vaalrivier op uitnodiging van 'n oud-inwoner. Daar is die groot totaal van EEN vis gevang, en niemand sal die "submarine"-episode ooit kan vergeet nie.

Uitspan het sy 30ste bestaansjaar gedurende die afgelope langnaweek gevier met 'n fees van 'n reünie. Entoesiastiese oud-inwoners was grootliks dan ook verantwoordelik vir die sukses daarvan, tesame met die huidige inwoners. Aan almal wat hulp en bystand in enige vorm verleen het om dit so 'n groot sukses te maak, baie dankie. Veral 'n groot dankie aan die Reëlingskomitee van huidige en oud-inwoners. Ons waardeer die opofferings deur die oud-inwoners gemaak om die reünie by te woon.

Graag wil ons pertinent die naam van Uitspan se eerste primarius (1948), prof. Ryno Kriel, noem.

Ons sien uit na 'n volledige verslag oor die reünie wat seker eersdaags in **Stalnuus**, ons koerantjie, sal verskyn.

DIE ROOI BEER



## Dinki

**Vir** diegene wat nog dink Dinki is die een of ander ondergrondse organisasie, wil ons net sê: dit is tyd om by te kom. Dit is maar net Dorp-dames wat hul naam na Dinki verander het.

Intussen het ons ook reeds HK-verkiesing gehou. Die leisels is nou in die hande van Ren Botes, Anita Brewis, Elize Joubert, Hanlie Prinsloo en Lourie Theron, wat alreeds hulle pligte opgeneem het en die jaarlikse afskeidsdinee reël.

Die fees vind Donderdag 12 Oktober in die Mothsaal plaas. Al die dames van Dinki met hulle aanhangsels is hartlik welkom. Die kaartjies is by die nuwe HK-lede beskikbaar.

Dit is die laaste uitbreekkans voor die Groot Swot en genoeg rede om vir oulaas saam fees te vier. Sien julle daar!



## Klawerhof

**Die** gees van verandering op die kampus het Klawerhof ook getref. Die nuwe HK begin al Maandagmôres vyf uur, skuins voor sonop, met vergaderings. Daarmee word die hele Lawaaidraai wakker lawaai en staan almal aan die muur se kant van die bed op.

Baie geluk aan Isabel Hoogendyk en Emma Robbertse, onderskeidelik die nuwe prim. en onder-prim. Geluk ook aan Willemien du Plessis, Elbé du Plessis, Betsie du Plessis, Deliana Greyling en Magdel Pieterse. Mag julle die krag en leiding ontvang om julle werk na die beste van jul vermoë te doen.

Baie dankie aan die uittredende HK vir die groot werk wat julle gedoen het – maar onthou net julle is nie oud genoeg om "af te tree" nie.

Die nuwe Asterverteenwoordiger van Klawerhof is Marié Stegmann.

Klawerhof-dames hoef ook nie meer te montium of te swem klas toe of eetsaal toe nie. 'n Sement-en-steneblad is aan die voorkant van die koshuis gegooi.

Wat die opgewondenheid nog meer laat styg is die naderende koshuisdinee. Verskeie mans op die kampus is al getref deur 'n RI-patroon, maar die ander dames is nog besig om moed bymekaar te skraap om die skietgoed te laai.

## Amajuba

**Ten** eerste moet die nuwe HK van dorp gelukgewens word en die hoop uitgespreek word dat 1979 vir hulle 'n groot en suksesvolle jaar sal wees en dat hulle Amajuba tot nog groter hoogtes sal lei.

Die nuwe HK is: Herman Fleming (prim), Sakkie van Zyl (onder-prim), Chris Snyman, Steve Moskoss, Donnie Reitz.

Amajuba hou sy dinee op Vrydag 15 November en nooi alle Amajubalede uit om te kom deel in die afskeidsvreugde van nog 'n jaar.

Op 22 September is Amajuba een jaar oud en 'n groot fees word beplan. Dié feestelike geleentheid sal gedeel word met een van die dameskoshuise en wedywering sal plaasvind op talle gebiede soos byvoorbeeld rugby, sokker, netbal ensovoorts. Die fees sal drie uur nm. op Saterdag 23 September begin. Amajuba word gemaan om hulle oë oop te hou vir verdere kennisgewing.

Vervolgens word daar bekend gemaak dat Amajuba tesame met Over de Voor derde geëindig het in die oorkoepelende sport. Ook het Amajuba verlede Woensdag aan die begin van die nuwe atletiekseisoen 'n skitterende derde plek behaal. Ten slotte word Kasteel se ou HK bedank vir die lekker en geslaagde HK-aksie verlede week by die dam.



## Vergeet-my-Nie

**Alles** in Vergeet-my-nie is nuut en alles wat nuut is, is lekker.

Die nuwe HK is ingesweer en het sommer al hulle verpligtinge en pligte betrek. Aan al die lede, baie geluk en baie sterkte vir die termyn wat voorlê.

Die verfraaiingskomitee het ook gesorg vir "mooigeit" en die sitkamer spog deesdae met nuwe gordyne.

Die eerstejaars het hulleself ingeburger in die harte van al wat 'n senior is in die koshuis. Die opwinding wat hulle ontheffing vooraf gegaan het, sal nie lig vergeet word nie. Die HK het nie verniet op die dak gestaan in water en weer nie. Om die atmosfeer gespanne te hou, is die waarskynlikste middernagtelike ontheffing uitgestel tot sesuur die volgende oggend.

Vir ander dinge is daar ook tyd, maar die akademie laat selfs die gehardstes op die kampus noustrop trek. Baie sterkte aan almal wat toetse skryf.



## Karlien

**Met** die Augustuswinde in die gange en die flou Septembersonnetjie, begin Karlien geleidelik ontdooi. Na die vriesende winter word die akademie van 'n kant af bygedam. Na die intervarsity bykomslag is met 'n skok besef dat die jaar al op sy sy lê en damesfunksies, totsiens sê-saameet en sêrwagte maak ons laaste dae boepensvol.

Dalk was die winter nie heeltemal so gedood as wat ons dink nie: mondige 21-mense is maar knaend aan die partytjie gooi na 12 en die karate op die vingers is skielik blinker as al die voriges s'n. Boonop het 'n nuwe bos "lyers" vir "lyers" vir '79 hulle koppe intussen uitgesteek.

Baie geluk aan die wat nou geluk moet kry met die volharte en blinkoë. Hê 'n seepgladde September en vir almal: 'n propvol tyd in ons sewe gange van Karlien-wees vir die volgende 14 dae.



## Klooster

**Die** nuwe HK van Klooster is verlede Maandag aangewys. Die hoë stempersentasie verseker Braam Swanepoel en sy nuwe HK van die inwoners se steun. Almal wil graag aan die nuwe HK hul beste wense vir 'n baie goeie jaar toewens.

Een van die inwoners, Danie Malan, het homself onderskei deur gekies te word as een van AIESEC se uitruilstudente na die buiteland. Dit is werklikwaar 'n groot prestasie en die hele koshuis is trots op hom.

Die nuutste uitgawe van die koshuiskoerant het ook pas verskyn en dit slaag daarin om 'n goeie oorsig van die jongste nuus in die koshuis te gee.

Uiteindelik is verneem dat die swembad herstel is. Daar is egter nog nie water in nie en dit is op hierdie stadium miskien beter, want swemmery kan op hierdie stadium net lei tot ontydige verkoue.



*Mara Kriel*
*Heide*



*Ren Botes*
*Dinki*



*Marietjie van Wyk*
*Kasteel*



*Susan Aucamp*
*Oosterhof*



*Maretha Delport*
*Wanda*



*Isabel Hoogendyk*
*Klawerhof*



*Annaleen van Wyk*
*Vergeet My Nie*




*Marthie van Jaarsveld*
*Wag 'n Bietjie*



*Daleen Eloff*
*Kulu*



*Karien Geyer*
*Karlien*



*Nollie Meintjies in aksie*

# Netbal Koshuisliga

**Die netbalseisoen het vanjaar die 8ste April begin met die aanbieding van 'n vriendskaplike toernooi. Die eerste semester is gebruik om die liga-indeling te bepaal.**

Die verskillende spanne het Saterdae uitgespeel. Die eerste spanne van Klowerhof, Vergeet-my-nie, Karlien, Koeloe, Heide en Oosterhof het die Superliga gevorm. Die religasieliga het bestaan uit Kasteel I, Dorp I, Wag-'n-bietjie, Heide II, en Vergeet-my-nie II. Aan die Koekliga het die tweede spanne van Kasteel, Klawerhof, Karlien, Oosterhof, Kulu en Wag-'n-bietjie deelgeneem.

Die netbalbestuur het hul baie goed van hul taak gekwyt. 'n Groot mylpaal wat bereik is, is die goedkeuring van die netbalklub se aansoek om 'n eie klubhuis op die Fanie du Toit. Die wedstryde was goed georganiseer en 'n goeie gees het geheers.

Vanjaar was daar 'n nouer skakeling tussen die PU en die koshuisnetbalspanne. Maandae-middae was daar 'n Puk-speelster behulpsaam by elke koshuisnetbalspan. Dit het gelei tot 'n merkbare verhoging in die netbalstandaard van die koshuise.

Die finale uitslae van die liga was as volg:

Superliga

1 Heide I
2 Karlien I
3 Vergeet-my-nie I

Religasieliga

1 Kasteel I
2 Vergeet-my-nie II

Koekliga

1 Klaerhof I
2 Karlien I
3 Kasteel II

Tydens Intervarsity teen Kovsies, het alle koshuisnetbalspanne van die PU die onderspit gedelf. Daar is 'n groot behoefte vir 'n permanente professionele afrigter. Die potensiaal is beslis daar – dit moet slegs ontwikkel word.

# VIER ONTVANG EER

**Na 'n suksesvolle hokkieseisoen word nog steeds vrugte gepluk van harde oefening.**

Vier speelsters nl. Alta de Korte (regteragter), Lizette Uys (Linkersneller), Cornelia Meyer (Middelskakel) en Rinza Burger (Linkeragter) verwerf hulle erekleure vir die jaar 1978.

Na al die jare se opoffering en harde werk is die prestasie wel verdien en wil alle hokkiespeelsters net sê veels geluk.

Wat die koshuise aanbetref wil almal baie geluk sê aan Wag-'n-Bietjie en hul afrigster "Butch" met 'n goeie oorwinning. Vergeet-my-nie was tweede en Wanda Derde.

# TENNISSPELERS BENODIG

**Vanweë die dislojaliteit van een of twee spelers tydens die koshuiskompetisie van sommige koshuise moes baie spanne onttrek word. 'n Beroep word op alle tennisspelers gedoen om volgende jaar met nog veel meer ywer deel te neem.**

Reeds vroeg-vroeg in die jaar is die tennisvere reggeskud vir die jaarlikse interkoshuisliga. Vir 'n paar weke is verskeie van die PU se tennisbane opsy geskuif vir die voorbereiding van die onderskeie koshuisspanne. Bennie Hatting en Albert Louw, tesame met die ander bestuurslede, het gesorg dat die organisering nie verkeerd loop nie. Elke koshuisspan het uit vier spelers bestaan. Sommige koshuise het egter meer as een span ingeskryf. Die tennisliga is in twee afdelings verdeel, sodat die wedstryde binne vyf weke afgehandel kon word.

Die resultaat was besonder verrassend. In die damesafdeling het Kasteel en Klawerhof in die finale stryd sake uitgespook. Klawerhof het geseëvier.

Die interkoshuisliga se doel is nie net suiwer kompetisie nie. Dit kan eerder gesien word as 'n skakeling tussen die tennisspelers van verskillende koshuise op 'n vriendskaplike basis. Elke speler kan dus die kompetisie terdeë geniet en terselfdertyd verbeter.

# *Odendaal skryf boek*

**André** Odendaal, gereelde lid van die Maties se eerste krieketspan, het onlangs weer 'n boek oor krieket die lig laat sien. Die boek getiteld *Cricket in Isolation*, is seker die volledigste boek nog uitgegee oor hierdie aktuele onderwerp. André se liefde vir krieket en sy frustrasie gebore uit dié isolasie van krieket, het gelei tot sy boek se hoë standaard.

Die eerste gedeelte van die boek begin by die eerste stap in die rigting van die totale isolasie van Suid-Afrikaanse krieket. Daarna behandel hy die beleidsveranderings van die Regering, wat lei tot die vorming van een krieketvereniging met mnr. Varachia as voorsitter.

Dan volg menings van bekende buitelandse krieketspelers en persmanne soos die Engelse snelbouler, John Lever, Greg Chappel van Australië en ook John Scheepers. Groot Suid-Afrikaanse spelers wat ook hul menings gee in die boek is Eddie Barlow, Graeme Pollock, Mike Procter en Pieter Kirsten.

*Cricket in Isolation* is saamgestel en word uitgegee deur André Odendaal, en is by alle boekwinkels verkrygbaar.

# 1978-Jaarverslag van die Tafeltennisklub

**Die Puk se Tafeltennisklub het vir die eerste keer sedert 'n paar jaar gelede weer aktief aan kompetisie begin deelneem. Volgens die Voorsitter van die klub, Johan van Scaik, het die jaar suksesvol begin deur RAU tydens die Intervarsity te klop.**

Tydens die Wes-Transvaalse Kampioenskappe het Martin Piek, Wes-Transvaal se 0/21 span gehaal. Tydens die Wes-Transvaal se eerste liga Rondomtalie-kampioenskappe, het Flam du Preez en Martin Piek in die eiendstryd teen mekaar te staan gekom waartydens eersgenoemde geseëvier het.

Die PU het vir die eerste keer in 'n lang ruk aan die SAU-toernooi deelgeneem, en die sesde plek uit nege spanne verower. Die spelers het hiertydens baie ondervinding opgedoen. Dit is egter baie duidelik dat die standaard baie kan verbeter.

Wat dié Wes-Transvaalse liga betref, het die PU se eerste span twaalf wedstryde gespeel, waarvan tien gewen is. Die puntestand is tans nog onbekend, maar daar kan feitlik met sekerheid aangeneem word dat die eerste liga deur die PU gewen sal word. Ander spelers het nie-amptelike wedstryde in die Wes-Transvaalse tweede liga gespeel om ondervinding op te doen.

Die vooruitsigte van 1979 lyk baie goed aangesien daar slegs op hierdie jaar se tafeltennis verbeter kan word deurdat die spelers meer ervaring en vertroue sal hê.

# Gewigoptel is 'n Groot uitdaging

**Gewigoptel is 'n sportsoort wat in die jongste tyd baie aandag in Suid-Afrika geniet het.**

Vele persone sluit by 'n liggaamsbouklub aan om na 'n jaar na die gewigoptel sport oor te gaan. Hoekom doen talle mense dit?

Die antwoord is baie eenvoudig. Gewigoptel bied soos talle ander sportsoorte 'n uitdaging aan die sportman.

Hier op die Puk is daar bykans elke dag vele mansstudente wat in die gimnasium hard besig is om te oefen. Onder hulle het hulle so half-en-half al 'n klub gestig om met ander klubs mee te ding. So byvoorbeeld word daar 'n mini intervarsity met Wits in gedagte gehou.

Daar is twee verskillende stote in gewigoptel. Ten eerste die opraap 'snatch'. Hier tydens moet die gewig met een beweging tot bokant die kop gelig word. Die ruk-en-wip is die volgende stoot. Soos die naam aandui bestaan dit uit twee bewegings. Die totaal van die twee stote is die punte wat 'n gewigopteller verwerf. Punte word toegeken aan elke kg. wat 'n persoon bo sy eie gewig opstoot.

Gewigoptel kan volgens kenners vir jou as mens ook veel beteken. Dit verleen selfvertroue, deursettingsvermoë en selfdissipline aan 'n persoon in sy sport sowel as sy ander aktiwiteite. Dan is gewigoptel ook 'n sportsoort wat 'n persoon tot in sy middeljare kan beoefen.

Enige persoon wat dus bereid is om 6 keer 'n week hard te oefen, sal definitief resultate bereik in die sportsoort soos dit in enige ander sportsoort moontlik is om wel die vrugte te pluk van harde arbeid.

# SPORTLUI KRY EREKLEURE

ATLETIEK:
Allison Marais
Louis Liebenberg
Nollie Meintjies
Carel Meyer
Vivian Louw
Leoni Smith
Tommie Ferreira

JUDO:
J. Boshoff
Charl Botes
Pieter Coetzee

GIMNASTIEK:
H. Kruger

MUURBAL:
Ierri van Rensburg
Daan Gouws
Dr. P. van der Schyff

NETBAL:
Alta Viljoen
Louise Wessels
Leoné Scott
Renette van Niekerk



*B. de Klerk – erekleure in rugby.*

RUGBY:
Jannie Tiedt
Danie Weitz
H. Crafford
B. de Klerk

DAMESHOKKIE:
Rinsa Burger
Alta de Korte
L. Uys

KARATE:
Bennie Botha
Pieter Groenewald

KRIEKET:
Phillip Welman
Martin Piek
Casper van der Merwe

LANDLOOP:
Louis Liebenberg
Sidney Riekert
Anlerie Claassen

GEWIGOPTEL:
Koos Henning

MANSHOKKIE:
Anton Blaauw


POTCH DRIVE-IN

September '78 tel. 21881

15-16 1ste FREAKY FRIDAY – Jodie Foster
2de SUSPIRIA – Jessica Harper
18-23 1ste SONJA – Hans Strydom, Petru Wessels
22-23 2de SALOMIEN – Cobus Rossouw
25-30 1ste SATURDAY NIGHT FEVER – John Travolta
29-30 2de 2 – MINUTE WARNING – Carlton Heston



PRO REGE

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK

"die Potchefstroomse boekhandel"

Tomstraat 86 Potchefstroom
TEL. 8875



*Regs, Damesstudente wat verlede Vrydag teen hul dosente tydens die Regsdag gespeel het.*
*(Foto: Jaco Pretorius.)*

# *Mini Koshuis-Atletiek*

**Die eerste byeenkoms van die interkoshuis-liga het verlede Woensdag plaasgevind. Die standaard van die atlete was bo verwagting goed, aangesien daar in alle erns voorberei word vir die voorseisoen.**

Daar sal vier byeenkomste wees wat elk verskillende items behels. Die byeenkomste vind Woensdae om 16h00 plaas op die Fanie du Toit-Sportterrein.

Die doel van hierdie liga is om die Dalrymple-span op te stel wat in Desember aan die SAU-atletiekkampioenskappe sal deelneem. Terselfdertyd bevorder dit 'n beter atletiek-gees in die koshuise, en gee aan die nie-sportiewes die geleentheid om deel te neem. Daar heers 'n ontspanne atmosfeer.

Die byeenkomste word volgens die reëls van die SAU aangebied: dit is dus nie 'n kwessie van boere-sports nie. Vyf deelnemers per koshuis kan aan 'n item deelneem.

Hierdie uur-byeenkomste is 'n baie geslaagde aanbieding van atletiek aan die begin van die voorseisoen. Nuwe tegniekhulp en oefenprogramme word uitgereik. Daar word afgewyk van die standaard-items byvoorbeeld 50m, 150m 300m hekkies, en 300m vir mans. 'n Vyfman-aflos sal ook plaasvind.

Studente met beamptediplomas en van die sportafrigters treë op as beamptes. Die afsetter is oom Manie du Plessis van Pote. Oom Jos Sirakis is die hoofbeoordelaar en organiseerder.

Die punte word volgens die Portugese prestasietabel toegeken. 'n Sekere hoeveelheid punte word na gelang van die prestasie toegeken.


## Sportkorrels

Ons Kovsie-neerlaag lê nog nie eens 'n maand agter ons nie en siedaar, ons het die wortel van die probleem opgespoor. Skynbaar heel gering, aan die onderpunt van die leer. Die direkte oorsaak van die neerlaag lê in die belangstelling. Te oordeel aan die belangstelling by verlede week se koshuisligas word slegs neerlae voorspel. Wat is die fout PUKKE? Is die onderlinge reëlings dan nie wat dit behoort te wees nie? Of is daar altemit ander kwellings? Dit is nie 'n PUK-gees, 'n wennersgees, wat so min waarde heg aan die fondament van 'n sportseisoen nie. Gaan ontgin julle talente. Doen dit, nie net vir die PU nie, maar beslis ook vir julle-self.

Diegene wat wel belangstel - daar is relatief min wat toegewyde oefening nie kan regstel nie. Daag mekaar uit. Julle sal uitvind dat dit hoegenaamd geen nadele op watter vlak ookal sal hê nie.

Val in by die koshuisligas, dit is 'n goeie uitlaatklep vir inhibisies. Kom nou PUKKe, laat ons toekoms-oorwinnings kweek. Hiermee het ons 'n kans, elke enkeling, om die PU vir CHO te versterk - nie net fisies nie, maar beslis ook na die geestelike.


*Maison Hazelette*
„UNISEX" HAARKAPPERS
SPESIALISTE IN HAARSNY,
PERMANENTE GOLWING,
„HIGHLIGHTS"
*SPESIALE STUDENTEPRYS*



ANTONIO
RIKKI
JENNY
DOLLY

TEL. 5570
OWENSLAAN 4
OORKANT CHECKERS (UIT KERKSTR.)


# Die uitslae van die koshuisligas wat tot op datum gehou is.

I: Netbal
1. Heide
2. Karlien
3. Vergeet-my-nie
4. Klawerhof
5. Oosterhof.

II. Dameshokkie.
1. Wag-'n-Bietjie
2. Vergeet-my-nie.
3. Wanda
4. Karlien.
5. Klawerhof.

III. Atletiek

A. Dames
1. Karlien
2. Wanda
3. Kasteel
4. Oosterhof
5. Dorp en De Klerkhuis

B. Mans
1. Hombré
2. Over-de-Voor
3. Caput
4. Oppikant
5. Amajuba

IV Tennis

A. Dames
1. Klawerhof
2. Kasteel
3. Wanda

B. Mans
1. Hombré
2. Caput
3. Klooster.
4. - S. -

Manskoshuise

1. Caput - 92
2. Hombré - 72
3. Amajuba Ouer-de-voor - 56
4. Klooster - 54.
5. Villagers - 52
6. Oppikant - 44
7. Dawie - Dup - 24.
8. Thaba-Jäh - 14
9. Uitspan en Heimat - 8

**Daar** word nog gewag vir die uitslae van die muurbal. Op die huidige stadium is dit so te sê seker dat Wag-'n-bietjie sal wen wat die dames betref. Dit beteken dat Wag-'n-bietjie 'n totaal van 35 punte kan behaal. Indien Wanda egter 'n vierde plek in die muurbal kry, kan Wanda die algehele wenner met 46 punte wees.

Wat die mans betref lyk dit amper na 'n uitgemaakte saak dat Caput die wenners gaan wees en dat hulle boonop h200 ryker gaan word. Villagers kan, deur die eerste twee plekke in die muurbal te verower, 27 punte bykry en daarmee tweede met 7 punte bo Hombré eindig.

Sodra die finale punte bepaal is en al die koshuisligas afgesluit is, sal 'n verduideliking gegee word hoe die punte bereken is en wie die finale wenners is.

## *S.A. Landloopkampioenskappe:*

# 'N BOERE-OORLOG

**Gedurende die Suid-Afrikaanse Landloopkampioenskappe, gehou te Bloemfontein op die tweede September, was Gert Doorewaard ongelukkig om die Springbokspan net te mis. Hierdie PUK het reeds sy groen en goud verwerf Tydens hierdie byeenkoms was hy die derde Blanke wat klaargemaak het. Hy het egter nie 'n baie goeie seisoen agter die blad nie en het werklik bo verwagting presteer. Dit is egter belangrik om te noem dat daar byna 'n boere-oorlog was tussen Kevin Shaw en Mathews Batswadi. Kevin Shaw het egter met die louere weggestap en heelwat starende oë aangegryp deur sy grootste oorwinning.**

Na 'n spannende wedloop het Nollie Meintjies, in sy afdeling, vir die Weste 'n bronsmedalje ingepalm. Ander mans wat presteer het was Louis Liebenberg, Bubbie Pienaar en Johan Marais.

Die dames-wedloop was in die ware sin van die woord 'n harde neut om te kraak. Marietjie Barnard se agtste plek plaas haar onder Suid-Afrika se topdames. Selfs Sonja Laxton moes tevrede wees met 'n vyfde plek. Mej. Barnard is, soos Mnr. Meintjies, ook uitgenooi na die Prestige-byeenkoms eerskomdende naweek. Só is seker die koudste, winderigste Suid-Afrikaanse Landloopkampioenskappe ooit, beëindig.



*Twee dames van Kasteel en Karlien spook dit uit om die bal onder beheer te kry in die netbalkoshuisliga.*